

16 Julie

Skrifgedeelte: Handeling 9:1-19

Fokusgedeelte: DL, VD 3/4:8

**Niemand kan God verhinder as Hy die wedergeboorte in hom wil bewerk
nie!**

Geen mens is bestand teen die almag van God nie. Die dwaalleraars het dit geweet, maar omdat hulle verkondig het dat die mens God se poging om hom wedergebore te laat word kan weerstaan en geheel en al sy eie wedergeboorte kan verhinder, moes hulle ook verkondig dat God nie sy almag gebruik by die wedergeboorte van die mens nie. Die Sinode het hierdie dwaling verwerp dat die mens sy eie wedergeboorte kan verhinder omdat God nie sy almag daarvoor gebruik nie. Dit sou immers daarop neerkom dat “die optrede van die almagtige God aan die wil van die mens” onderwerp word.

Die Here kon selfs die wedergeboorte in iemand soos Saulus bewerk. Van hom lees ons (vers 1): “Intussen het Saulus soos ’n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig.” Selfs hy moes op die grond neerval toe Jesus aan hom verskyn het. Van hierdie wrede en fanatieke vervolger van die kerk het Jesus gesê (vers 15): “... Ek het hom gekies as my werktuig om my Naam uit te dra onder die heidennasies en hulle konings en ook onder Israel.”

Saulus sou sekerlik sy roeping en sy bekering probeer teenstaan het as hy kon, maar niemand is bestand teen die almag van God nie! Ja, God gebruik inderdaad sy almag om sondaars wedergebore te laat word. Enige mindere krag sou te swak gewees het. Omdat God sy almag hiervoor gebruik, kan niemand sy eie wedergeboorte verhinder nie. Genadiglik nie!

Dit is ’n geweldige troos om te weet dat selfs my sondige natuur God nie kan verhinder om van my of van enige ander verharde sondaar ’n nuwe mens te maak nie! Daarom moet ons God dank dat sy werking in ons onweerstaanbaar is!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~